Hoe om die Bybel in gebed te gebruik

(Uit: 'Gebed maak alles anders' geskryf deur Bennie Mostert, Carpe Diem uitgewers)

Dit is onsinnig om sonder die Bybel te probeer bid. In die Bybel openbaar die Here Homself aan ons. God praat met ons deur sy Woord en ons moet daarop reageer. Die Bybel moet telkens korreksies op ons gedrag, denke en gebede aanbring. Die persoon wat sy bestudering van die Bybel verwaarloos, loop onmiddellik die gevaar om te dwaal en is geneig om op sy eie insig en wysheid staat te maak. Die doel van hierdie hoofstuk is om aan die voorbidder riglyne te gee oor hoe om sy Bybel te gebruik.

1. Begin jou stiltetyd met die lees van 'n gedeelte uit die Skrif. Bid deur daardie gedeelte. Let op die vermanings, sondes, beloftes, bevele, voorbeelde en waarskuwings en bid daaroor.
2. Maak aantekeninge oor gebede in die Skrif. Begin by die Psalms en leer uit die gebede van Dawid wat jy kan, mag en behoort te bid.
3. Onderstreep veral die beloftes van God in die Woord, vind toepassingsterreine daarvoor in die alledaagse lewe en gebruik dit wanneer jy bid.
4. Verryk jou gebed met die Skrif. Sommige groepe gebruik die sinvolle uitdrukking van **"Woordverrykte gebed".**
5. Bestudeer die lewens van bidders in die Bybel. Leer uit die voorbeeld van Jesus, Dawid, Daniël, Elia, Moses, Paulus, Abraham, Jeremia, Esegiël en andere.
6. Elke gelowige behoort 'n Bybelstudieprogram en 'n Bybelleesprogram te hê. Dit is nie so 'n onbereikbare ideaal om die Bybel minstens een keer per jaar deur te lees nie. Skaf vir jou 'n Eenjaar Bybel aan en gebruik dit daagliks. Dit mag egter nie 'n meer intensiewe bestudering van die Bybel vervang nie. Daar is uitstekende handleidings beskikbaar.
7. Vra ten minste die volgende vrae oor elke Skrifgedeelte:
    - Wat staan daar geskrywe?
    - Wat sê dit vir my?
    - Tot watter optrede spoor dit my aan?
    - Hoe moet of kan ek daaroor bid?
8. Die memoriseer van Skrifgedeeltes is noodsaaklik. Probeer om drie teksgedeeltes per week te memoriseer. Daar is baie min mense wat werklik in staat is om meer as drie gedeeltes per week baas te raak.
9. Die Woord is belangrik vir gebed, want dit is wat God self sê. Om die Woord in gebed te gebruik, is om God op sy Woord te neem. God is getrou aan Homself en sy Woord.
10. Daar is boekies beskikbaar met Bybelbeloftes wat in verskillende onderafdelings ingedeel is en wat baie nuttig in jou gebedstyd gebruik kan word.
11. Dit kan baie sinvol wees om kleurkryt te gebruik om sekere dinge in jou Bybel te onderstreep of in te kleur, sodat dit duidelik kan uitstaan. Jy kan byvoorbeeld die volgende indeling gebruik, of jou eie skema uitwerk:

    Beloftes - onderstreep met 'n blou pen.
    Bevele - kleur die vers met 'n rooi potlood in.
    Waarskuwings - kleur oranje in.

Sonde - onderstreep met 'n rooi pen.
Oordeelsaankondigings - kleur bruin in.
Gedeeltes oor lofprysing en aanbidding - kleur geel in.
Gedeeltes oor gebed of gebede - merk met 'n G in die kantlyn.
Gedeeltes wat oor die Bose/okkulte handel - merk met * in kantlyn.

Hierdie is slegs enkele wenke, brei dit uit volgens jou eie behoeftes.

Die volgende aanhaling is uit die **Outobiografie** van **George Müller**. Die metode waarvolgens George Müller die Bybel vir sy persoonlike stiltetyd en verryking 'gelees het, is uiters geskik vir gebruik deur alle gelowiges.

"Dit het die Here behaag om my 'n waarheid te leer. Vir die afgelope veertien jaar het ek nooit die voordeel daarvan verloor nie. Ek het, naamlik duideliker as ooit ingesien dat die eerste en vernaamste saak waaraan ek elke dag my aandag behoort te gee, was om te sorg dat my siel gelukkig is in die Here. Die eerste ding om oor begaan te wees, was nie hoeveel ek die Here kon dien nie, of hoeveel ek die Here kon verheerlik nie, maar hoe dat ek my siel in 'n gelukkige toestand kon kry, en hoe my innerlike mens gevoed kon word. Want ek mag soek om die waarheid na die onbekeerdes te bring, ek mag soek om gelowiges te bevoordeel, ek mag soek om noodlydendes te help, ek mag langs ander weë soek om my te gedra soos dit 'n kind van God betaam; en tog, as ek nie gelukkig is in die Here nie en nie dag vir dag na die innerlike mens gevoed en versterk word nie, kan dit wees dat al hierdie dinge nie in die regte gees gedoen word nie.

Voor hierdie tyd was dit vir ten minste tien jaar lank my gewoonte om my aan die gebed te wy net nadat ek my in die oggend aangetrek het. Nou het ek gesien dat die belangrikste ding vir my om te doen, was om dadelik die Woord van God te lees en te bepeins, sodat my hart daardeur getroos, bemoedig, gewaarsku, vermaan en onderrig kon word, en dat deur die bepeinsing van die Woord van God, my hart proefondervindelik in gemeenskap met God gebring kon word.
Ek het dus begin om soggens vroeg oor die Nuwe Testament, van die begin af te peins. Die eerste ding wat ek gedoen het nadat ek in 'n paar woorde die Here se seën op sy kosbare Woord afgesmeek het, was om die Woord van God te begin oordink, terwyl ek elke teks deursoek om seën daaruit te kry; nie ter wille van die openbare bediening van die Woord nie, nie ter wille van die verkondiging van dit wat ek bepeins het nie, maar om voedsel vir my siel te verkry. Die gevolg was amper sonder uitsondering dat, na 'n paar minute ek gelei is tot belydenis of smeking.
Hoewel ek my nie eintlik aan gebed gewy het nie, maar aan bepeinsing, het dit nogtans byna onmiddellik min of meer in gebed oorgegaan. As ek 'n tyd lank besig was met belydenis of smeking of voorbidding of danksegging, gaan ek na die volgende woorde of teks en keer alles algaande om in gebed vir myself en andere, soos die Woord my daartoe mag lei, terwyl ek egter gedurig in gedagte hou ***dat die oogmerk van my bepeinsing voedsel vir my eie siel is.***

Die gevolg hiervan is dat daar altyd heelwat belydenis, danksegging, smeking, of voorbidding met

my bepeinsing gemeng is en dat my innerlike mens byna sonder uitsondering selfs voelbaar gevoed en versterk is en dat my hart teen agtuur feitlik altyd in 'n rustige of selfs, gelukkige toestand was. Dit het die Here ook behaag om aan my mee te deel wat ek vroeër of later as voedsel vir ander gelowiges kon gebruik, hoewel dit nie ter wille van die openbare bediening van die Woord was dat ek my aan bepeinsing gewy het nie, maar ter wille van die voordeel van my eie innerlike mens... Soos die uiterlike mens nie baie lank vir werk geskik is nie, tensy ons voedsel inneem, en omdat dit een van die eerste dinge is wat ons in die oggend doen, so moet dit ook met die innerlike mens wees. Elkeen sal erken dat ons daarvoor voedsel moet neem. ***Wat is dan die voedsel vir die mens? Nie gebed nie, maar die Woord van God.*** *Nie bloot die eenvoudige lees van die Woord van God, sodat dit slegs deur ons hoof gaan soos water deur 'n pyp nie, maar deur* ***te let op wat ons lees, dit te oordink en in ons hart en lewe toe te pas***."